We are smith&nephew

Ons help mense om hul lewens terug te kry

Medieseskema befondsing vir prosedures waar heup- en kniegewrigte vervang word

Beperking van voordele:

Jou mediese skema het limiete vasgestel vir die prostese wat jou chirurg gaan gebruik om jou heup- of kniegewrig te vervang. Hierdie limiete is 'n bedrag wat die skema sal betaal en kan bereken word as 'n limiet per prosedure of voorval, 'n limiet per persoon per jaar of per gesin per jaar – en word volledig in jou lidmaatskapbrosjure omskryf.

Limiete kan wissel na gelang van die plan wat jy uitgeneem het en die maandelikse premies wat jy betaal. In die meeste gevalle kry jy 'n hoër prostese-voordeel as jy 'n hoër premie betaal.

Bevestig beskikbare voordele:

Sodra jou chirurg jou meedeel dat jy heup- of knievervangingschirurgie moet ondergaan, moet jy die Vooraf-Goedgekeuring Hospitaliseringsdepartement van jou mediese skema kontak, goedkeuring kry om die prosedure te onderneem en die moontlike datums vir jou operasie bespreek, wat dan deur die mediese skema bevestig sal word.

Enige addisionele kliniese inligting wat deur die skema vereis word, sal ook op hierdie stadium voorsien word.

Jy moet onmiddelik die Kliëntediens-afdeling van jou skema kontak om die Interne Prostese-limiet wat beskikbaar is, te bevestig, aangesien jy vir alle kostes wat die beskikbare limiet oorskry, verantwoordelik sal wees.

Wat as die beskikbare voordele laer is as die koste van die prostese wat die chirurg wil gebruik?

Jou chirurg sal die mees toepaslike prostese vir jou kies, gebaseer op jou ouderdom, jou aktiwiteitsvlak en ander leefstyloorwegings.

Indien die koste van die prostese hoër is as die beskikbare limiet vir prostese, kan jy kies om die oorblywende koste by te betaal. Hierdie geleentheid om in jou gesondheid, mobiliteit en toekoms te belê, is een van die mees belangrike besluite wat jy kan maak.

Die keuse van prostese kan 'n verskil maak aan hoe vinnig jy volle mobiliteit en dieselfde mate van aktiwiteit sal herwin wat jy geniet het voor jy pynmedikasie moes begin gebruik, of vir die operasie oorweeg is.

Ortopediese maatskappye werk nou saam met ortopediese chirurge om knie- en heupprosteses te ontwikkel wat geskik is en aangepas is by jou spesifieke behoeftes. Moenie bang wees om baie vrae vir jou chirurg te vra nie, net soos wat jy sou doen as jy oor ander belangrike leefstylkeuses moet besluit. Onthou ook dat 'n bybetaling vir 'n "aktiewe heup of knie" waarskynlik 'n eenmalige besluit sal wees.

Ons beveel aan dat jy dit doen.

We are smith&nephew

Ons help mense om hul lewens terug te kry

Wat as jy nie die bybetaling kan bekostig nie?

Wat as jy nie die bybetaling kan bekostig nie?

Jou mediese skema kan moontlik spesiale befondsing, ook bekend as “ex gratia” befondsing, voorsien, wat uit die reserwes wat die skema deur die jare opgebou het, betaal word. Dit is ’n bedrag geld waartoe al die lede van jou skema bygedra het en daarom moet jy, saam met jou chirurg, daarvoor motiveer.

Om uit te vind of hierdie spesiale befondsing vir jou beskikbaar is, kontak die Kliëntediens-afdeling van jou skema; hulle sal ook die korrekte prosedure, wat gevolg moet word, verduidelik.

Oorweeg ook die volgende:
Het jou mediese skema ’n spesiale vorm wat voltooi moet word? Indien wel, vra dat dit aan jou gefaks of e-pos word.

Of daar so vorm is of nie, kan jy gevra word om die volgende te voorsien:

- ’n Motiveringsbrief van jou chirurg
- Bewyse van finansiële behoefte, en
- ’n Kwotasie van koste deur die maatskappy wat die prostese in Suid-Afrika versprei

Jy moet ook uitvind wanneer die “ex-gratia” vergadering, waar die befondsing oorweeg word, sal plaasvind sodat jy kan weet hoeveel addisionele befondsing aan jou beskikbaar gestel sal word voordat jy die datum van die operasie finaliseer.

Onthou ook dat jy belangrik is vir jou mediese skema; hulle wil jou as lid behou. Gebruik hierdie geleentheid om met jou skema te onderhandel oor hierdie kritieke leefstylbesluit. Jy sal nie spyt wees nie.

You may be able to “buy up” to a plan that your medical scheme offers, which provides for a higher prosthesis benefit during the course of the year. This will depend on the rules of your specific medical scheme. You may also consider delaying your procedure until your medical scheme allows you to change your plan.

Smith & Nephew (Pty) Ltd

30 The Boulevard, Westend Office Park,
Westville, 3630
Republic of South Africa

Tel: +27 31 242-8111
Fax: +27 31 242-8120

www.smith-nephew.com
www.facebook.com/smithandnephew
www.twitter.com/smithandnephew

®Trademark of Smith & Nephew
© Smith & Nephew 2011